

KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Johannes 17 vers 4 - 5

Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring
wat U my gegee het om te doen. Verheerlik U my nou ook by U, Vader,
met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het.

Kortpad Deurdankoffer vir [Kleinskool Inisiatief](#)

26 Mei	08h30	Eietydse diens	Kleuterkerk
26 Mei	09h45	Kategese uitreik	
26 Mei	10h00	Klassieke diens	
26 Mei	15h00	Songs of celebration by NG Kerk	Mowbraystraat Newton park
30 Mei	18h30	Hemelvaartdiens	

[Nog belangrike datums](#)

[Kommunikamma 26 Mei 2019](#)

Saam op pad vir Christus

Preke: Die [preke van die oggenddienste](#) word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

Lydenspreke: Wat beteken die kruis vir my...

Pilates, die soldate, die priesterhoofde en die Jode het [rondom Jesus se kruis](#) gestaan. Hulle optrede en reaksies dwing ons om sekere vrae oor ons keuses ten opsigte van die kruisiging te beantwoord.

Laat jy toe dat mensgemaakte wette en tradisies jou lewe beheer of leef jy volgens die liefdesopdrag van Jesus? As ons in Maria se skoene staan, dan ontdek ons dat ons nooit so boos kan wees dat Jesus by ons verbystap nie. Nie een van ons se verlede is so sleg, dat Hy nie [vir jou as Sy dienskneg kan gebruik](#) nie.

Op Goeie Vrydag aanvaar ons die Een, wat die sondes van die wêreld wegneem, as Verlosser en buig ons die knie voor Jesus en erken Hom as Koning. Anders is dit net nog 'n openbare vakansiedag. Die misdadiger langs Jesus aan die kruis, die Romeinse offisier, Josef van Arimatea en Nikodemus se lewens is in die skaduwee van die kruis onherroeplik verander. [Watter verskil maak die kruis in jou lewe?](#)

Voor Hom wat jou tot die uiterste toe liefhet, kan jy nie neutraal staan nie. Neutraliteit is niks anders as die verwerping van die Seun van God nie. òf Hy is vir jou die Seun van God òf Hy is godslasterlik. Hy is die Waarheid of Hy is waansinnig. òf jy volg Hom óf jy verwerp Hom. Jy kniel voor Hom of jy kruisig Hom. Jy hang Hom op of jy hang jou bestaan aan Hom op. Jy laat Hom weer sterf of jy sterf aan jouself sodat Hy in jou kan leef. Die leë [kruis roep ons op tot 'n keuse](#).

Imagine Kidz 24 – 28 Junie 2019

Al die maats van Graad R tot Graad 7 is welkom om te [kom deel in die pret](#). Daar word dringend gesoek na Groepleiers (Gr 8 en Gr 12) en Stasieleiers (volwassenes). Kontak Petru Vlok by 083 522 980.

Dringende behoeftes

MTR Smit Kinderoord en MES se Winterhoop projek [benodig verskeie items](#) wat by die kerkkantoor ingehandig kan word.

Sake vir gebed

Ons vra dat almal sal bid dat die Here sal intree oral waar bendedgeweld, haat en moord aan die orde van die dag is en mense se harte sal aanraak. [Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

Uitreik na die Baakensvallei

Die Senior Jeug van die gemeente het die 19de Mei 2019 saam met Mariëtte Jeary as gids uitgereik na [die Baakensvallei](#) om daar te gaan help skoonmaak. Hulle het baie geleer oor die natuur, herwinning en die gevare van Rommel. **Foto's**

Ramadan: die 9de maand op die Islamitiese kalender het die 6de Mei begin

Baie Moslems kry drome of visioene van Jesus gedurende Ramadan. Hulle geniet graag maaltye ook saam met nie-Moslems. Hierdie verhoogde spirituele fokus maak hulle heel moontlik baie ontvanklik vir die lewensgewende boodskap van die Evangelie. [Lees hier meer](#) oor die reëls, reëlins, hoofdoel van die vas, die betekenis van die belangrikste nag en dae, geweld tydens Ramadan en maniere om nou uit te reik na hulle.

Mosambiek: Sikloon Kenneth

Dit is die tweede tropiese storm wat Mosambiek binne ses weke getref het en groot oorstromings en vernietiging van oeste, huise en ander infrastruktuur veroorsaak het. FEBA se radiostasie, Radio Nuru, is ook ernstig beskadig. Omdat die reënseisoen aan sy einde is, kan boere glad nie meer plant nie. Die lyding en verlies wat deur die storm veroorsaak is, is baie ernstig en talle mense is sonder hoop. [FEBA Radio se Nuusbrief vir Mei 2019](#)

Padlans In die voetspore van Jesus

'n Jeuggroep van die "Calvary Reformed Church of Holland" in Michigan, VSA het 'n veldtog in hulle gemeenskap begin met die slagspreuk: "What would Jesus do?" Hulle wou Christus deel van almal se daaglikse lewe maak en het armbandjies gemaak met die letters WWJD daarop. Hulle idee was 'n treffer regoor die wêreld. Die vraag – wat sou Jesus doen – is nie nuut nie. Dit is 'n vraag wat reeds van die begin van die Christen-era ongeveer 2000 jaar gelede gevra word. Dit kan egter slegs beantwoord word deur diegene wat in 'n regte verhouding met God is. [In die voetspore van Jesus](#)

Padkos Waag nuwe dinge vir die Here

In April 1626 het die bekende geleerde, Francis Bacon, in die middel van die winter in Highgate, noord van Londen in 'n koets saam met die koning se dokter gery. Toe tref 'n idee hom: "Wat as mens rou vleis met ys kon preserveer? Sou dit nie langer vars bly nie?" So opgewonde was Bacon hieroor dat hy die koets tot stilstand gebring het en 'n plaaslike vrou oortuig het om net daar 'n hoender te slag. Toe het hy dit toegepak met ys. Helaas het sy eie plan op homself teruggeplof. Bacon het longontsteking opgedoen en is 'n paar dae later dood. Eers in 1924 het Clarence Birdeye daarin geslaag om 'n vrieskas te ontwikkel wat kommersieel bemerkbaar was. Feit is, nuwe idees vat moeilik pos. Ook op die geloofsfront. Wie sou ooit vir Abraham ernstig opvat dat sy nuwe roete agter die Here aan op 75 jarige leeftyd die ganse wêreld sou verander? Of Martin Luther se papier aan 'n kerkdeur op 31 Oktober 1517? Maar so werk God. Sulke

waagmoedige mense skuif egter die wêreld in sy Naam. Sluit by hierdie klein groepie aan. Waag dit 'n slag met 'n nuwe bediening, 'n vars Bybelstudie of 'n uitreik. Doen net iets. Goeie intensies is nooit genoeg nie. [Goeie Nuus deur Stephan Joubert www.ekerk.org]

Kuβergroete tot volgende keer

[2019-05-26]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal. www.getsnapscan.com